Epos adres :bbaynhw16@gmail.com
Noodfoon 072 015 5729

BETTY'S BAY NEIGHBOURHOOD WATCH
BEWARE - PASOP - INGOZI

https://www.facebook.com/bbnhw16/

Gegroet is julle almal

'n Oorsig van die misdaad statistiek toon geen betekenisvolle verhoging in gerapporteerde misdaad nie. 'n Bron van kommer is egter die modus operandi wat gevolg was by sommige inbrake. Die misdadigers ken die tekortkominge van die alarmstelsels en verkry dan toegang tot wonings sonder dat hulle opgetel word. Ons doen 'n ernstige beroep op huiseienaars om beheer te neem van die situasie deur die betrokke sekuriteitsmaatskappy te versoek om u stelsel te evalueer en 'n risiko anilise van u perseel te doen.

Ons is bewus van die finansiële implikasie maar sodoende kan u verseker dat die geinstalleerde stelsel wél die nodige beskerming bied.

Die ontwikkeling van die tegnologie neem met rasseskrede toe, só ook die alarmstelsels.

Voorbeelde van nuwe tegnologie is om mikrogolf sensors op strategiese plekke in u woning te plaas en ook 'n peuter skakelaar op die kontrole-paneel se deksel.

Onlangse inbrake was by huise waar verouderde, passiewe sensors en tegnologie gebruik was.

Die ou passiewe sensors reageer slegs op liggaams temperatuur. Wanneer 'n inbreker byvoorbeeld agter 'n sambreel skuil, sal die alarm nie afgaan nie. Duikpakke word ook gebruik omdat dit nie die liggaams temperatuur deur laat nie. Onlangs was 'n deur verwyder en as 'n skerm gebruik en nagenoeg R90,000 se goedere was gesteel. Die sekuriteit-kontrole kas het nie 'n peuter skakelaar gehad nie, dus het hulle genoeg tyd gehad om die drade te ontkoppel.

Die nuwe mikrogolf sensor sal hitte en beweging optel, al is die oortreder afgeskerm en is baie sensitief vir beweging. Die BBBW verkoop, installer of bemark nie enige alarm sisteme nie, maar vir u eie veiligheid word u aangemoedig om jaarliks u alarm sisteem te laat nagaan. Indien die koste van die opgradering van die sisteem te hoog is, is daar ook ander opsies, soos byvoorbeeld diefwering wat oorweeg kan word. Dit is nie altyd die beste oplossing nie, aangesien inbrekers gereedskap saamdra waarmee hulle beveiligings-maatreëls mee kan verwyder. Moet asseblief nie die veiligheid van u eiendom slegs in die hande van die sekuriteits maatskappye laat nie. U moet in beheer van die situasie wees. Onthou dat sekuriteitsmaatskappye reaktief optree ná die insident en slegs skade beperk.

Ons het 'n tussentydse komitee gevestig om met die Overstrand Munisipaliteit (OM) te skakel in verband met die kamera projek, hoofsaaklik om die volhoubaarheid van befondsings opsies te verken. Ek is seker dat inwoners besorg is omdat die kamera projek so lank neem om van die grondaf te kom - en dit is waar. Die realiteit is dat die proses deur Overstrand Munisipaliteit vertraag word. Kleinmond gaan onafhanklik van die munisipaliteit kameras installeer en dit deur 'n beheerkamer laat monitor. Ons plan is om ook kameras te installer (gebasseer op bekostigbaarheid) en van dieselfde beheerkamer gebruik te maak. Ons is dus

Epos adres :bbaynhw16@gmail.com
Noodfoon 072 015 5729

https://www.facebook.com/bbnhw16/

afhanklik van hoe gou Kleinmond operassioneel word. Intussen sal ons voortgaan om fondse in te samel en met die OM te bly skakel.

Met die aanvang van die vakansie-seisoen sal daar die gewone toestroming van vakansiegangers wees. Ons sal poog om ons besoekers ingelig te hou rakende die situasie in Bettysbaai en hulle te sensiteer oor die voorsorgmaatreëls wat hulle kan neem. Daar is die gene wat wag vir mense om in die “vakansiestemming” te kom en enige geleentheid sal uitbuit om mense van hul besittings te beroof.

Huiseienaars en inwoners word herinner aan die twee ‘’Whatsapp’’groepe wat gestig is om slegs misdaad te rapporteur. Ons kan nie toelaat dat mense die groepe as ‘n gespreks groep gebruik nie. Vermy dus so ‘n situasie.

Ons is in die brand seisoen. Bettysbaai inwoners word dus herinner om sorg te dra wanneer hulle vure aansteek, veral in die opelug. Bure moet op die uitkyk bly aangesien besoekers aan ons area nie altyd die hoë brand gevaar verstaan nie. Versprei asseblief die woord dat braaivleisvure na gebruik met water geblus moet word en nie gelaat moet word om self uit te brand nie. Kontak die brandweer as u besorg is oor ‘n moontlike oop vuur. Onthou dat daar ‘n algehele verbod is op die afvuur van vuurwerke in Bettysbaai

Ons algemene jaarvergadering het op 8 Desember plaasgevind. Gedurende hierdie vergadering was daar gerapporteer oor die afgelope jaar se aktiwiteite, insluitend die finansiële stand.

Donasies vir die kamera projek en ons operasionele kostes sal waardeer word.

Ons bank besonderhede is soos volg:

- Naam van rekening- Bettysbaai Belastingbetalersvereniging
- Bank - ABSA, HermanusTak
- Tjekrekening nr. - 4066616439
- Gebruik asb. U naam, NW en erf nr. as ‘n verwysing
- Stuur asb. ‘n bewys van betaling aan – bbaynhw16@gmail.com

‘n Veilige maand word u toegewens.

Buurtwag Groete

VERSLAG OOR AKTIWITEITE - 2018

Hiermee die verslag oor die aktiwiteite van die Bettysbaai Buurtwag vir 2018

1. Inleiding

Epos adres :bbaynhw16@gmail.com
Noodfoon 072 015 5729

https://www.facebook.com/bbnhw16/

Bettysbaai Buurtwag (BBBW) is geakrediteer by die Weskaap se Provinsiale Department van Gemeenskaps-veiligheid en rapporteer aan die Gemeenskaps-Polisiërings forum strukture.(GPF) Daar is spesifieke wetgewing wat die werking van buurtwagte beheer. Die BBBW werk nou saam met die Bettysbaai Belasting betalers-vereniging (BBBV)

2. Operasies

96 operasies is gedurende die jaar uitgevoer, wat elk gemiddeld 2.5 uur geduur het. Die hele Bettysbaai is deur hierdie operasies gedek, hoewél daar meer op sekere gebiede gefokus is, afhangende van die gerapporteerde insidente. Ons het 32 lede in die operasionele groep, met ‘n gemiddeld van 9 vrywilligers per operasie. ‘n Spesiale woord van dank aan die gene wie gereeld hul tyd beskikbaar gestel het. Sonder hulle sou ons nie tot diens van Bettysbaai kon wees nie. Gereelde maandelikse vergaderings is met die area wagters gehou.

Die totale getal inwoners op ons data basis het gedurende die jaar van 458 tot 616 gegroei. Hierdie mense is verdeel in 2 ‘’WhatsApp’’groepe (die eerste groep is vol) en is ook op ons epos adreslys. Die data basis word geadministreer en sekretariële dienste word deur Joyce Sandy gelewer. Sy verdien ‘n spesiale woord van dank.

Jorika Rabie het as operasionele koördineerder bedank en Rudi Perold and Gerald Scholly het gehelp om die organisasie aan die gang te hou. Julle hulp word opreg waardeer.

3. Projekte

Ons het die aangeleentheid van kameras ondersoek en kontak gemaak met die Overstrand Munisipaliteit (OM) aangaande befondsing deur middel van die spesiale aanslag gebied. Soos vermeld in ons laaste nuusbrief word die proses deur OM vertraag. Hulle het ons versoek om die proses te volg soos Kleinmond dit gedoen het en hulle is geweldig gefrustreerd met die gebrek aan vordering.

4. Finansies

‘n Afsonderlike, vereenvoudigde finansiële verslag is voorberei. Die meeste van ons fondse word vir die projek soos genome ge-oormerk. Dit is noemenswaardig dat ons gedurende ‘n komitee vergadering besluit het om nie lede vir patrollies te kompenseer nie.

Epos adres :bbaynhw16@gmail.com
Noodfoon 072 015 5729

https://www.facebook.com/bbnhw16/

5 Toekoms

Dit is die belangrikste deel van die verslag, aangesien alles wat tot dusvér genome is is geskiedenis. Tans is daar slegs een tipe diens aan inwoners van Bettysbaai beskikbaar, naamlik ‘n reaksie op ‘n alarm wanneer daar reeds ‘n voorval was. Die BBBW poog om misdaad te voorkom deur die dorp te patrolleer en verdagte persone en voertuig bewegings te identifiseer en te rapporteer. Ons het egter beperkte sukses as gevolg van ‘n gebrek aan mannekrag. In die toekoms moet die gebruik van alternatiewe tegnologie gekombineerd met ‘n gededikeerde responsaksie die norm wees. Ons is besig om die installering van kameras op strategiese plekke in Bettysbaai te evalueer, ten einde verdagte mense en voertuie te identifiseer voor ‘n misdaad gepleeg word. Die inligting op die kamera sal slegs so goed wees as die reaksie op die inligting, wat impliseer dat daar ‘n gededikeerde reaksie span in Bettysbaai gestasioneer moet wees. So ‘n diens kom met ‘n maandelikse koste en die enigste lewens vatbare befondsingsmodel beskikbaar, is die spesiale aanslag gebied. Dorpe met soortgelyke probleme as Bettysbaai het ‘n betekenis volle afname in misdaad gerapporteer na die instalering van ‘n kamera sisteem.

‘n Wandelgroep is begin met die spesifieke oogmerk om mense wie in hul omgewing stap of fietsry, sovér te kry om hul oë en ore oop te hou vir enige vreemde of verdagte kwessies en op ‘n gededikeerde Whatsapp groep te rapporteer. Hierdie groep funksioneer nog net vir ‘n week en ons is optimisties dat dit sal groei.

Eerste hulp opleiding word vir die operasionele groep beplan en sal ook vir inwoners beskikbaar wees. Die koste van die opleiding sal binnekort deurgegee word.

Ek glo vas dat, met ‘n gefokusde groep, ons Bettysbaai die misdaad vrye gebied kan maak wat ons almal begeer. Dit was ‘n plesier om die Bettysbaai Buurtwag gedurende die afgelope jaar te lei.

Dankie aan die sekuriteitsmaatskappye wat ons bygestaan het wanneer die SAPD nie beskikbaar was nie.

Weereens dankie aan die span!

Groete

Bill Steyn

Epos adres :bbaynhw16@gmail.com
Noodfoon 072 015 5729

https://www.facebook.com/bbnhw16/

Om ons in staattestelomonsdatabasis op datum tehou, versoekonsjouomenigeverandering in joukontakbesonderhede/huisverkopenabogenoemde epos adres to stuur